

Interpretasie van 'n testament en die bedoeling van die erflater

Deur Rynoe Smith, PSG Wealth-adviseur

Testamente bevat dikwels bepalinge waarin die erflater se bedoeling nie duidelik is nie. Dit gebeur soms wanneer 'beperkte regte' in 'n testament geskep word en daar nie met sekerheid bepaal kan word watter spesifieke reg geskep is nie. In hierdie artikel poog ek dus om die basiese beperkte regte te verduidelik.

Kom ons begin met 'n voorbeeld. By die opstel van sy testament bemaak die erflater sy plaas aan sy seun, onderhewig daaraan dat sy vrou die gebruik van die plaas moet geniet. Wat word egter met 'die gebruik' van die plaas bedoel? Mag sy vrou die plaas verhuur of moet sy self op die plaas boer? Wat gebeur as sy nie meer self op die plaas kan bly nie? Mag sy in die plaashuis aanbly met 'n beperkte boerdery soos 'n paar skape en hoenders? Wat is die tydperk van haar beperkte reg? Waarvoor sal sy, en waarvoor sal die seun verantwoordelik wees?

Vruggebruik

Verskillende 'beperkte regte' kan hier 'n rol speel. Die algemeenste reg wat 'n persoon 'gebruiksreg' gee, is vruggebruik. Dit gee 'n persoon (die vruggebruiker) die reg om 'n ander (die blote eienaar – die seun in ons voorbeeld) se eiendom te gebruik en die vrugte daarvan te neem, sonder om die waarde van die eiendom te verminder.

Vruggebruik kan op roerende en onroerende eiendom geskep word. Indien op bederfbare bates of kontant, word dit as kwasi-vruggebruik beskou, waar die bate na die vruggebruiker oorgaan – anders as suiwer vruggebruik, waar die eiendom na die blote eienaar (*remainderman* in Engels) oorgaan. In die geval van kwasi-vruggebruik het die blote eienaar slegs 'n aanspraak op die bates by die beëindiging van die reg.

Vruggebruik kan vir die leeftyd van die vruggebruiker geskep word of vir 'n bepaalde tydperk. Indien die vruggebruiker te sterwe kom, sal die 'waarde' van die vruggebruik, vir boedelbelastingdoeleindes,

'n bate in sy/haar boedel wees, en daar mag ook kapitaalwinstbelastingimplikasies wees. Die vruggebruiker sal vir BTW kan registreer, maar nie die blote eienaar nie.

In kort kan die vruggebruiker die bate(s) besit, administreer, gebruik en geniet, natuurlike en industriële vrugte neem, bates verhuur of self bedryf. Hy/sy kan egter nie die bate vervreem, die eiendom opgebruik of tot niet laat gaan (behalwe in die geval van kwasi-vruggebruik), of die vruggebruik testamentêr bemaak nie.

Usus en habitatio

'n *Usus* is verwant aan vruggebruik, met die verskil dat die bevoordeelde die bate of eiendom slegs vir hul eie en hul huishouding se daaglikse behoeftes kan gebruik, byvoorbeeld om 'n paar skape aan te hou en groente vir eie gebruik te plant.

Die gebruiksreg van 'n huis sluit die reg in om die huis te bewoon, met familie, huiswerkers en gaste, en selfs om 'n gedeelte van die huis te verhuur, op voorwaarde dat die reghebbende steeds 'n gedeelte van die huis kan bewoon.

Habitatio is weer baie verwant aan 'n *usus*. Net soos in die geval van 'n *usus* kan 'n reghebbende die huis bewoon met sy/haar familie, gaste en huiswerkers. Anders as by 'n *usus* kan 'n reghebbende sy/haar reg van *habitatio* ook aan 'n ander verhuur.

Fideicommissum

'n *Fideicommissum* is wanneer die erflater bepaal dat 'n bevoordeling eers aan een persoon (die *fiduciarius*) vererf, en ná verloop van 'n bepaalde termyn of vervulling van 'n voorwaarde, aan 'n ander persoon (die *fideicommissarius*). 'n Voorbeeld is wanneer ek my plaas aan my seun bemaak, onderhewig aan die voorwaarde dat die plaas by my seun se dood aan sy oudste seun moet vererf.

Anders as in die geval van vruggebruik waar die bate in die blote eienaar se naam geregistreer word, met die vruggebruik

wat as 'n serwituut teen die eiendom geregistreer word, word die eiendom in die *fiduciarius* se naam geregistreer met die fideikommissêre bepaling as een van die titelvoorwaardes.

Die *fiduciarius* se eiendomsreg is egter onderhewig aan sekere beperkings. Hy/sy is geregtig op die 'vrugte' van die eiendom, maar kan nie die eiendom vervreem of met 'n verband beswaar nie. Die *fiduciarius* mag die eiendom besit, gebruik en geniet, sonder om die waarde van die eiendom te verminder. By beëindiging van die *fiduciarius* se belang, moet die volle eiendomsreg na die *fideicommissarius* oorgaan.

Fideicommissum residue

In teenstelling met 'n suiwer *fideicommissum*, word daar in die geval van 'n *fideicommissum residue* vervreemdingsmagte aan die *fiduciarius* verleen. Wat ook al by die dood van die *fiduciarius* oorbly, moet na die *fideicommissarius* oorgaan (gemenereg bepaal dat minstens 25% moet oorgaan).

Bepalinge van beperkte regte kan 'n mynvelde wees en moet liefdes deur 'n gekwalifiseerde fidusiêre konsultant hanteer word. Vandag kan die meeste van hierdie regte eerder in 'n testamentêre trust hanteer word, sonder die rompslomp van 'n oudmodiese gevestigde reg. ^{VP}

Die inligting in hierdie artikel is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Konsult Groep waarborg nie die geskiktheid of potensiële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risikoprofiel verskil, stel ons voor dat jy 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. PSG Wealth Financial Planning (Edms) Bpk is 'n gemagtigde finansiële diensteverkaffer.

Vir meer inligting,
kontak Rynoe Smith van PSG Wealth
Preller Walk by 082 453 3320
of by rynoe.smith@psg.co.za.